Sake24 (South Africa), 26.06.2009

African students sought after abroad

Prof. Danica Purg, hoof van die IEDC-Bled School of Management in Slowenië, het Kaapstad onlangs besoek.

'Afrika-studente gesog oorsee'

Carin Smith, Kaapstad

"Ons soek meer studente uit Afrika," sê prof. Danica Purg, president van die Central and East European Management Development Association (Ceeman).

Sy het onlangs die Global Business School Network se konferensie by die Universiteit van Kaapstad se nagraadse bestuurskool (UCT GSB) bygewoon.

Ceeman bestaan uit 140 sakeskole in 43 lande in Europa, Asië en Latyns-Amerika en stel hom dit ten doel om goeie standaarde te bevorder.

Purg is ook die hoof van die IEDC-Bled School of Management in Slowenië. Dit is 23 jaar gelede gestig en is die oudste sakeskool in Sentraal- en Oos-Europa.

So gretig is Purg om meer studente uit Afrika na haar sakeskool te lok dat sy vyf MBA-beurse van €23 000 elk tydens haar Kaapse besoek aan plaaslike studente toegeken het.

"Ek is verryk deur my bywoning van die konferensie in Kaapstad en is beïndruk met die topgehalte sakeskole in die stad.

"In Slowenië het ons ook hervorming ondergaan en ons moes onlangs moeilike tye die hoof bied. Daarom verstaan ons die probleme waarmee bestuurders in Afrika worstel," beklemtoon sy.

As sakevrou wat self deur die sogenaamde glasplafon gebreek het, sê sy vroue in Sentraal- en Oos-Europa beperk dikwels hulself omdat hulle nie 'n balans tussen hul private lewe en werk handhaaf nie.

"In Oos-Europa is 15% van die uitvoerende hoofde van groot maatskappye vroue, maar dit behoort 50% te wees. Vroue sien steeds nie raak dat enigiets vir hulle moontlik behoort te wees nie. Ook in Afrika glo ek dit gaan die vroue-entrepreneurs wees wat verandering teweeg bring."

Wat die huidige internasionale ekonomiese krisis betref, beskou sy dit as die gevolg van 'n leierskapskrisis: Die sakeleiers was te gulsig en het gegryp wat hul kon.

"Die ekonomiese krisis laat ons weer oor waardes besin.

"Ek is in Desember deur die Verenigde Nasies aangestel as voorsitter van 'n forum oor armoede.

"Ons berei voor vir 'n konferensie in Rio de Janeiro oor hoe om dié kwessie te takel."